
MEI 2026

UITGAWE 2026/5

DIE KWIKKIE

DIE NUUSBRIEF VAN TWEE RIVIERE AFTREE-OORD



"MEI JINNE"

HIERDIE UITGAWE

SPORT	2
NOMMERS	3
KENNISGEWINGS	4
VERJAARSDAE	9
DR. ARNOLD SMITH	11

ADRES: EREMOMELASTRAAT 1733, MONTANA TUINE

SPORT EN ONTSPANNING HOEKIE

TRAO JUKSKEI KLUB











BELANGRIKE NOMMERS & TYE

EKSTERNE TELEFOONNOMMERS

Arrie Nel Apteek:	012 548 1721
Dis-Chem (Kolonnade):	012 523 9120/9
Dis-Chem (Zambezi Junction):	012 574 0489
DSTV MultiChoice:	012 422 2222
Fisioterapeut (Andrea):	082 556 8121
Frogfoot Support	021 448 7225
Haarsalon	068 381 3373
Kind2Hearing (Oudiologie):	012 110 4612
Kombuis (Cheryl):	012 941 5947
Montana Hospitaal:	012 523 3000
Ontvangs (Leonore & Estelle):	012 010 0924
Polisie (Sinoville):	012 543 8800
Sorgsentrum:	012 010 0943
TLC (The Local Choice):	012 030 0266
Matrone:	012 010 0933
Nadine (Medwell SA):	012 010 0934
Voetversorging (Sonica):	082 468 3775
Voetversorging (Precious):	078 122 4605
TV/DSTV (Kleintjie):	083 276 3683
Skoonmaakdienste/Wassery (Maree):	072 622 4130

INTERNE TELEFOONNOMMERS

- Ontvangs: (Estelle) 1001
- Ontvangs (Leonore): 1002
- Matrone: 1004
- Oordbestuurder: 1005
- Onderhoudsbestuurder (Johan): – Kontak via kantoor
- Haarsalon: 1006
- Sorgsentrum: 1009
- Sekuriteit Hek 1: 1010
- Sekuriteit Hek 2: 1011
- Kombuis: 1020

(SLEGS OP 3CX)

KANTOORURE

MAANDAG TOT VRYDAG
08:00 — 16:00
ETENSTYD
12:00 — 12:30

Gesluit op Saterdae & Sondae
Publieke Vakansiedae

NA-URE NOODNOMMERS

MEDIES
063 640 7223
ONDERHOUD
079 531 9827

Neem asb. kennis dat die noodfoon, 079 531 9827, slegs vir water- en elektrisiteitsprobleme na-ure geskakel moet word.
Moet asb. nie die noodnommer bedags skakel nie. Skakel Ontvangs, (012) 010 0924 gedurende kantoorure.

WELKOM

Baie welkom aan alle nuwe inwoners van Twee Riviere Aftree-Oord. Ons vertrou dat u reeds met u bure kennis gemaak het en tuis voel.

WELCOME

We would like to welcome all new residents at Twee Riviere Retirement Village. We trust that you have already become acquainted with your neighbours and feel at home.

INLIGTING & AKTIWITEITE

HYSBAKKE

Om onnodige onderbrekings met die diens van die hysbakke te voorkom, mag slegs EEN groot meubelstuk op 'n slag in die hysbak vervoer word.

OORDDOKTER

Die oorddokter besoek die Oord op Donderdae om 14:00

Maak asseblief 'n afspraak by Nadine—1007 (Di + Do)

Medwell SA
The Home Health Care Specialists

CLINIC HOURS

08:30 - 11:00

Dinsdag & Donderdag

BUSDIENS

Die Oordbussie vertrek om 08:30 en keer terug om 11:00

Maandae: Kolonnade Winkelsentrum

Woensdae: Zambezi Junction en

Vrydae: Kolonnade Winkelsentrum

Bespreek u plek by ontvangs vir hierdie gratis diens.

BELANGRIK | IMPORTANT

Stel asseblief ontvangs in kennis indien u vanuit die oord verhuis of na 'n ander eenheid verhuis.

~o~

Please notify reception when you are moving out of the village or moving to another unit.

BESIGE BYE

Elke 2de & 4de Dindag om 09:00 in die saal. Kom deel in lekker "Arts & Crafts"

WASSERY

Bespreek by Maree via WhatsApp of sms op 0726224130 as u wasgoed of strykwerk wil laat doen van Maandag tot Donderdag

BYBELSTUDIE

Hervormde Kerk, op Woensdae om 09:00 in die saal, APK Kerk, op Donderdae om 10:00 in die saal, NG Kerk, op Vrydae om 09:00 in die saal

JUKSKEI

Dinsdae & Donderdae 16:00 by die jukskeibane. Ons kan help met skeie. Kom ontspan saam. Kontak vir Danie #2196

RUMMIKUB

Woensdae in die saal om 14:00 tot 16:00

SORGSENTRUM INWONERS

As u beskikbaar en sterk genoeg is om elke Donderdag vir 'n uur 'n sorgsentrum inwoner vir 'n uitstappie te neem, kontak asseblief vir Nadine #1007

PRIVAAT TUINDIENSTE

Bespreek by Ontvangs vir privaat tuindienste teen **R70.00** per uur

WATERBEPERKINGS

Gelyke eenheidnommers vir tuinnatmaak is Maandae, Woensdae en Vrydae. Ongelyke eenheidnommers is Dinsdae, Donderdae & Saterdae

KOOROEFENING

Dinsdae 14:00 in die saal. Kom word deel van Twee Riviere se puik koor. Kontak vir Jannie X2061

BINGO

Donderdae 14:30 in die saal. Almal welkom om te deel in die pret. Kontak vir Pieter #2047

UIT DIE OORDBESTUURDER SE KANTOOR - Petré Theron



Hartlik gegroet hier vanuit die Oordbestuurders-kantoor. Vanaf die 1ste April is dit my voorreg om deel van die gemeenskap hier by Twee Riviere Aftree-Oord te wees, en ek kan onomwonde verklaar dat dit tot op hede 'n besondere aangename ervaring is. Groot waardering eerstens aan die Raad van Trustees vir die vertroue om die verantwoordelikheid vir die bestuur van die Oord te kan doen. Tweedens vir die wyse waarop elke lid van die Trustees tyd ingeruim het om hulle te kom bekendstel en elkeen se besondere verantwoordelikheid te kom deel. En die hoogtepunt is elke inwoner wat vinnig kom inloer, bekendstel en verwelkom. Mag dit wees dat ons vir mekaar tot opbou sal wees in vele opsigte.

Uiteraard is dit nog nuut vir my, hoewel daar meer as genoeg raad en bystand is om so spoedig moontlik ten volle op hoogte te kom van die omvang en breedte van die taak wat in die kantoor van die Oordbestuurder vestig. U is elkeen meer as welkom om nog steeds te kom inloer en te kom deel wat vir jou as inwoner belangrik is en positief uitstaan van die verblyf en lewe hier in Twee Riviere.

Sake woel hier in die kantoor, en ons is druk besig om voor te berei vir die nuwe begroting. George Wolhuter neem die leiding in hierdie verband en dit bied die kans om al die aspekte, rolspelers en doelwitte van die Oord behoorlik in oënskou te neem en te deurgrond. Dit is 'n omvattende proses wat heelwat tyd in beslag neem, en ek kan elke inwoner gerus stel dat die beste belang van die Oord ten alle tye heel voorop gestel word.

Die skade wat deur Desember 2025 se haelstorm veroorsaak is, word nou deur die kontrakteurs van die versekering aangespreek, en ons vertrou dat alles binnekort herstel sal wees sodat die Oord weer sy beste en mooiste baadjie oor die skouers het.

Die verskeie verantwoordelikhede van die Oord soos vervat in die toewysings aan die verskeieTrustees word met groot ywer en nougesetheid nagekom, en word met duidelik ervare hande hanteer en beheer. Weereens dankie vir die sterk leiding en ondersteuning in hierdie verband.

Hierdie dien as eerste skrywe van my kant af, en ek sou wou glo dat met die volgende Kwikkie in Junie, daar waarskynlik meer Oordsake sal wees wat direk op die inwoners van toepassing sal wees. Tot dan gaan hierdie kantoor altyd oop wees vir elke inwoner, kom gesels gerus indien daar dringende sake is wat aandag behoort te geniet. Indien u by die deur is en dit is toe, of ons is besig met 'n vergadering, maak gerus by Leonore of Estelle 'n afspraak.

Intussen, geniet die verandering in die seisoen, Mei is die laaste herfsmaand voordat ons die winter stormloop. Kyk mooi na elkeen se gesondheid, bly warm en geniet die verandering, dit is onvermydelik deel van die lewenspad.

Petré Theron
Oordbestuurder

Vrede!

MENSWEES OP AARDE 6



Vroeg oggend kom die boodskap deur: “Ja ek is op kantoor. Veilig ry”. Jaco laat weet dat hy so tien-uur daar sal wees. Jaco stap by die kantoordeur in en daar sit Hantie nog net so mooi, nou net ‘n volwaardige vrou op wie jy trots kan wees. Jaco wonder moet hy sy hand uitsteek maar sy gee hom ‘n druksoen. Dit was ‘n heerlike dag van kuier uit die skooldae tot by die huidige hartseer wat hul al twee beleef. Daardie aand kry Jaco ‘n antwoord op sy boodskap: ‘Dit was so goed om te kuier, ja en al die “memories”. Jy laat my goed voel. Skielik is daardie liefdesgevoel terug en voel dit soos ‘n fietsrit teen ‘n steil afdraande sonder ketting of enige vorm van brieke. Jy is bang die fiets ry hom te pletter sonder om deur die deur te gaan wat nou vir jou oopgegaan het. Jy hoop dat die Skepper Sy hand op die briek sal hê om te keer dat jy nie die deur mis nie. Na nog twee besoeke laat weet Hantie met ‘n boodskap: “Jaco, ek wil net vir jou sê vergeet asseblief wat ek gisteraand kwytgeraak het. Ek is regtig “ok” en was net bietjie emosioneel. Ek raak nie normaalweg sulke dinge kwyt nie. Jy moet asseblief aangaan met jou lewe.

Daardie boodskap het Jaco net meer geinspireer om Hantie te oortuig dat elke mens weer ‘n kans kry om ‘n nuwe lewe te begin. Jaco gaan sit voor Hantie met haar hande in syne. “Hantie, ek het jou nog net so lief soos sestig jaar gelede en ek weet iewers in jou hart is daar nog ‘n plekkie vir my. Op hierdie stadium weet ek jou verstand wil nie vir jou hart luister nie, maar jy kan nie so aangaan nie. Maak asseblief daardie deur agter jou toe en begin lewe want jy is ‘n pragtige vrou. Ek weet mens kan nooit vergeet nie, maar deur ‘n nuwe lewe te begin kan help om die seer stiller te maak.”

Die weke en maande wat gevolg het sou beter en beter word totdat Hantie se hart gewen is en die woorde wat Jaco so voor baklei het, het uitgekom: “Ek het jou lief.” Jaco het geweet nou het hy gewen. Die besigheid wat Hantie op Brits het maak dinge maar moeilik maar dit is darem net sestig km. Brits toe. ‘n Liefde het vir sestig jaar gesluimer.

Ek sien vir Jaco nou maar min want hy is meer op Brits as tuis, maar laas toe ek gehoor het gaan dit goed met hulle twee.

Groete, en fluit-fluit my storie is uit.

JJ49

Skuilname is in hierdie artikel gebruik.



Die seisoene is stadig maar seker besig om te verander en so het daar ook die laaste maand veranderinge binne die Oord plaasgevind.

Mnr Petré Theron het op 01/04/2026 in die pos as Oordbestuurder diens aanvaar. Ons verwelkom hom hier in ons midde en glo dat hy ons oord sal ervaar as 'n aangename en vriendelike oord. Hy het 'n B.Com (Honeurs) in Rekeningkunde en 'n MBA graad en wye bestuurservaring, wat ons glo hy ook hier ten voordeel van die oord gaan gebruik.

By die Algemene Jaarvergadering van 2025 is dit deur die Regspersoon goedgekeur dat daar met die diensverskaffer onderhandel moet word ten opsigte van personeel by die Sorgsentrum. Dit het plaasgevind en die nuwe kontrak wat gesluit is, het daartoe gelei dat vanaf 01 April 2026 die twee nagskofte elkeen deur 'n **ten volle gekwalifiseerde suster** beman word wat Afrikaanssprekend is. Ons glo dat dit die dienslewering nog verder sal verbeter.

Die **noodknoppies** wat in elke eenheid is, kan problematies wees as dit nie gereeld deur die inwoners getoets word nie, ten einde te bepaal of die battery nog funksioneer al dan nie. Ons versoek u om hierdie toetsing op 'n gereelde basis te doen, vir u eie gemoedsrus en beskerming.

Soos in die vorige Kwikkie vermeld, is ons nog steeds besig met die **FAR (Floor Area Ratio)**. Geringe vordering is gemaak ten opsigte van motorafdakke en die patio's se byrekening by die FAR al dan nie. Ons sal die inwoners op hoogte hou van enige verdere ontwikkelings soos die saak vorder.

Soos ook reeds vermeld in die vorige Kwikkie, is die **Algemene Jaarvergadering** geskeduleer vir 25 Junie 2026 in die Magalieskruin NG Gemeente se Kerksaal. Die Trustees en MidCity het reeds begin met die voorbereiding van die nodige dokumente. Vier van die huidige Trustees het reeds aangedui dat hulle nie weer herkiesbaar is nie en plaasvervangers sal gevind moet word. My beskeie mening is, dat u as eienaars, geskikte en kundige persone sal moet identifiseer en verkies

Die vakante portefeuljes is as volg:

- Finansies;
- Gesondheidsdienste;
- Sosiaal;
- Instandhouding & Projekte;
- Administrasie

Ek versoek alle eienaars vriendelik om die AJV by te woon. Dit is in u en die Oord se belang.

Uit kontak wat ons die laaste tyd met ander aftree-oorde, "estates" en meenthuiskomplekse gehad het, het 'n baie duidelike prentjie na vore gekom ten opsigte van bestuur en sienswyses. Enkele voorbeelde hiervan is die volgende:

- feitlik geen reserwe fonds nie;
- instandhouding word nagelaat;
- sekuriteit word self gereël en bestuur;
- geen 10-jaar instandhoudingsplan nie;
- versekering word bedryf, wat bv. nie die geysers dek nie;
- eie tuindienste wat gepaard gaan met arbeidsake;
- bedryf van gesondheidsdienste is op 'n lae vlak;
- uitstaande belastinggelde by SARS.

Bogenoemde is maar enkele voorbeelde van wat ondervind is by van die oorde. U as inwoners/eienaars moet oor bogenoemde sake en nog vele meer besin en na my mening 'n besluit neem of bogenoemde wyses vir u aanvaarbaar is of nie.

Geniet die heerlike Herfsseisoen, bly warm in die koeler nagte en geniet u lewe ten volle, al is dit op 'n stadiger pas. Bly veilig en wees goed vir mekaar.

TRAO INWONERS

Neem asb. kennis dat geen versoeke direk aan TRAO se Onderhoudsbestuurder, Johan, sy personeel en/of aan enige personeel van D&S Maintenance Group (Tuindienste) gerig mag word nie. Geen gelde mag/moet aan enige personeel van die tuindienste gegee word nie. Alle versoeke moet by kantoor aangemeld word, waarna daaraan aandag geskenk sal word.
Vra elke inwoner se samewerking asb.
OORDBESTUURDER

WEBTUISTE:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIES OP WEBTUISTE
R200 Per Advertensie

Spasie is nou beskikbaar vir die advertering van dienste en items op ons webwerf! Pryse word tans bepaal en sal binnekort bekend gemaak word.

Moet ook nie stres oor die ontwerp nie! EP Digital SA (beter bekend as Kwikkie Tydskrifuitlegkunstenaars / Uitlegontwerpers en Sosiale Media Bestuurders) is beskikbaar om te help met professionele ontwerpe teen 'n verlaagde tarief – vir beide aanlyn én drukwerk. Hou ons dop vir meer besonderhede of kontak ons vandag om jou plek te bespreek!

www.tweeriviere.co.za
Skakel ons asseblief vir meer inligting
Tel: 012 010 0924
EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

AANDAG:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIE PRYSE

ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR INWONERS & OORDDIENSVERSKAFFERS
Kleiner as A6 - R 30
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 100
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 163
Volblad (A4 PORTRET) - R 350
ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR BUITE INSTANSIES
Kleiner as A6 - R 60
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 200
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 325
Volblad (A4 PORTRET) - R 700
ADVERTENSIES OP DIE KENNISGEWINGSBORD
Volblad A4 advertensie - R 200
NUUT: ADVERTENSIES OP WEBTUISTE
R200 Per Advertensie
www.tweeriviere.co.za
Skakel ons asseblief vir meer inligting
Tel: 012 010 0924
EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

KWIKKIE-ADVERTENSIES:

BLADSYORIËNTERING EN GROOTTES



NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VEREISTES HIERBO WAT BENODIG WORD VIR ADVERTENSIES

www.tweeriviere.co.za
Skakel ons asseblief vir meer inligting
Tel: 012 010 0924

Gelukkige Verjaarsdag

VERJAARSDAE
MEI 2026

#	Datum	Naam & Van	#	Datum	Naam & Van
A065	01-May	Johan le Grange	A296	15-May	Sonja Kratz
A056	01-May	Elize Gerber	A252	16-May	Johan Potgieter
A024	02-May	Olivia Pretorius	B306	18-May	Joey Muller
A284	03-May	Ria Brinkman	A196	18-May	Ina van der Horst
A311	03-May	Hercules Pieterse	B102	19-May	Ina Harmse
B021	04-May	Suzette Nel	B209	20-May	Eurika Braun
A206	04-May	Jimmy McKenzie	A304	20-May	Wynand Bosch
A259	04-May	Koos Steyn	A045	21-May	Pat Erasmus
A086	05-May	Japie Alberts	A282	21-May	Colleen Miles
A280	05-May	Martie van der Wal	A158	22-May	Bob Wolf
A186	07-May	Monte van Schalkwyk	C206	22-May	Connie Botha
B310	07-May	Betty Steen	A268	23-May	Banie Joubert
C204	07-May	Lizzy van Zyl	C105	23-May	Lynette du Plessis
A165	08-May	Sarie Vermaak	C110	23-May	Roxanna Mynhardt
A044	08-May	Vera Jacobs	A037	27-May	Lorinda Roux
A060	09-May	Len van Eeden	A261	27-May	Diana van Wyk
A009	10-May	Ben Kruger	A190	27-May	Barbara Opperman
A173	10-May	Marietjie Bergh	A084	28-May	Lizzie Jansen van Vuuren
B104	12-May	Susan Breytenbach	A267	28-May	Jan Basson
A001	15-May	Truia Venter	A098	28-May	Annette Theron
A211	15-May	Bennie van Vuuren	A249	29-May	Annette Potgieter



"AS U VERJAARSDAG UITGELAAT EN/OF FOUTIEF IS, KONTAK DIE KANTOOR VIR REGSTELLING ASB."

20 WORDS

BIRDS

MODE: DIFFICULT

WORD SEARCH PUZZLE

Direction → ← ↙ ↘ ↑ ↓ ↗ ↖

W K W E C U R I R A C E S C E
W R O V I K O R U W W D I L K
H O R R E L O P H W L P E C C
K T R N A L E F I N C H U R L
P S E R L A G V P K O D A R W
W R K L A S I R O B I N L W W
W W U R G P N E O D E A E W O
A G N A I A S R L O A W U K E
E E L E A E E R L C W S I E H
E S G R A S R A D W G R P C W
N O E G I P N T G L O A J A V
W O R C O E O K O L R N C A I
A G R T A I W R C R B R N J Y
P C L E D A P E O P O W O N T
S N I A H V L T K R R E H J R

WORDS

Robin
Eagle
Sparrow
Parrot
Finch
Crow
Dove
Swan
Wren
Owl
Hawk
Heron
Goose
Pigeon
Jay
Duck
Crane
Stork
Gull
Lark

God is by ons teenwoordig! Hoe is ons teenwoordig?

- Dr. Arnold Smith



Mei is die maand waar ons intens bewus word van God se teenwoordigheid in die wêreld. As jy 'n kalender het sal jy datums daarin sien van Hemelvaart (14 Mei) en van Pinksterfees (24 Mei).

Hemelvaart beskryf die "vertrek" van Jesus om sy regmatige plek by die Vader in te neem en as ons die verhaal lees in Handelinge 1:9-11 kry jy nogal die gevoel van om by die lughawe te staan en jou geliefde vertrek na 'n ander land toe. Hand. 1:9: Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem in die hemel terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie.

Was erg vir die dissipels, volgelinge van Jesus dat Hy sou weggaan. Immers Hy het hulle uitgekies en hulle het Hom gevolg. Wat nou?
Op Hemelvaart word hulle getroos deur twee manne in wit klere dat Hy net so sal terugkom soos hulle Hom sien weggaan het.

Dan moes hulle begin onthou wat Jesus kort tevore in Matt. 28:20b sê: "En onthou, ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld".
Hy sou op 'n ander manier by hulle wees.
Hulle moes ook teruggryp na Joh. 14:16: "Ek sal die Vader vra en, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees,17 naamlik die Gees van die waarheid".

Op Pinksterdag wat ons hierdie jaar op 24 Mei vier, vier ons dan die Uitstorting van die Heilige Gees. Handelinge 2 vertel ons die verhaal dat toe hulle bymekaar was het hulle iets soos van vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. 4 Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

Ons sing: "God is hier teenwoordig!" Jesus sê Hy is by ons teenwoordig al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Jesus is deur sy Heilige Gees in die wêreld, in ons teenwoordig om ons te troos, te lei, te bemagtig en ons in die waarheid te lei. Ons voel nou al binne ons iets van sy nuwe tyd. Hy verander ons en maak ons nuut sodat

ons ten volle in Christus kan wees.

Belangrik is dat Hy ons toerus vir die lewe, dat ons ook in die wêreld teenwoordig kan wees. Immers, ons moet sy getuies wees soos Jesus in Handelinge 1:8 sê: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld".

God het nooit opgehou om die wêreld lief te hê nie (Johannes 3:16) en ons is die boodskappers na die wêreld om dit te vertel en uit te leef. Ons is God se oë, ore, hande en voete oral waar ons kom.
Wat beteken dit: Wees teenwoordig en bewus waar jy is en kom. Daag op in die lewens van ander sover jy kan, al is dit by die bed langs jou.

God, ons Vader, is in Christus deur sy Gees in ons lewe teenwoordig dat ons ook weer in die lewe van ander teenwoordig kan wees. Hy is in ons en deur ons teenwoordig!

Meimaand raak dit kouer en en saam daarmee daag daar ook soms soos die blare val, bietjie alleenheid in ons op. Ons begin verlang na warmte. Word weer warm deur die nabywees van die Here in jou lewe en versprei sy warmte na buite.

Johannes 3:16:"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê". Dit het nog nooit verander nie. Wees teenwoordig! Net jou geloof om daar te wees in die lewe van ander verander alles. Jy bring met Jesus in jou, deur sy Gees iets van sy hoop en nuutheid in die lewe van ander in.

Hou jou warm! Wees warm!

KERKDIENSTE

MEI 2026



DIENS BEGIN 09:00 IN SAAL.

SONDAG, 03 MEI 2026
DS JOHANN DE BRUIN, HERVORMDE KERK

SONDAG, 10 MEI 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

SONDAG, 17 MEI 2026
DR PIETER HEYSTEK, GEREFORMEERDE KERK

SONDAG, 24 MEI 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

SONDAG, 31 MEI 2026
DS A SWART, NG GEMEENTE MAGALIESKRUIN

VERSOEK VIR KWIKKIE ARTIKELS:

Die Kwikkie-nuusbrief is 'n gemeenskapskoerantjie wat getrou deur ons inwoners gelees word. Ek weet hier is baie inwoners wat vele stories het om te vertel en dat daar ook interessante aktiwiteite op die Oord plaasvind waarvan ons nie eers weet nie. Alle artikels moet asseblief voor of op die 18de van elke maand aan die kantoor deurgegee word – elektronies in 'Word'-formaat. Neem ook kennis dat alle artikels deeglik vir alle spelfoute en grammatika nagegaan moet word voor dit aan die kantoor gestuur word.
Skakel Estelle 1001 of Leonore 1002 vir meer inligting.
-OORDBESTUURDER

CRICKET – THE GAME OF GENTLEMEN

"Cricket is living ..... The rest is mere detail"

Famous words by the late Trevor Chesterfield, cricket lover, writer, umpire and cricket historian.

There are different views on when and where cricket originated. It became an established sport in the country in the 18th century and developed globally in the 19th and 20th centuries. Today cricket is played almost worldwide and in many different formats.

The true pundits of cricket rate the traditional Test Cricket played over 5 days, as the best form of cricket. However, with time getting more and more limited, different forms developed like the One Day International, played over 50 overs each team, and later also the T20 format over 20 overs each team.

Interesting, during 1939 the first and only "Timeless Test" was played between England and South Africa in Durban between 3 and 14 March 1939. After 12 days and 1,981 runs scored, it all boiled down to England needing 42 runs to win with 5 wickets in hand; unluckily for them a thunderstorm ruined their chances and they had to sail home the next day, match drawn! The Ladies were also not ignored, and today very important and interesting matches are played in the same formats as for the men. World Cup Competitions between countries are very popular and draw huge crowds.

Although cricket is seen as a serious sport, and rightly so, there are many humorous incidents and stories over the years!

England were playing the West Indies and Malcolm Marshall was bowling to Graham Gooch. The first ball flew past Gooch's bat and Marshal said "It's red and round". The next ball flew past Gooch again and Marshall said "and it's hard" Next ball Gooch hit Marshall for a six into the stands and swiftly replied "you know what it looks like, go and fetch it!"

Upon a fielder dropping a catch, Tiger Lance, ex Springbok, said" he couldn't catch Cholera in Beirut!"

Many stories and incidents happen on the field, some to remain on the field! Being a serious game and discipline and neatness very important, my old cricket coach said, "if you can't be a cricketer, at least try and look like one!"

Statistics may be boring but are very important to many lovers of the game.

The best batsman of all time, Sir Don Bradman of Australia had a batting average of 99.94 and needed 4 runs in his last innings to have an average of 100. However, he was out for a duck (no runs) and missed the magic average of 100.

Jim Laker, off spin bowler of England, in 1956 against Australia, holds the magic record of taking 9 wickets for 37 runs in the first innings and 10 wickets for 53 runs in the second innings!! Match figures of 68 overs, 27 maidens, 19 wickets for 90 runs! Unlikely that this record would ever be equaled or broken!

To lovers of this fantastic game, probably the wisest words were said; "It's not whether you win or lose, but how you played the game!!"

Johann Janse van Rensburg | TRAO A208
Bronne: Google, Eie ervarings, Vertellings en stories

BELANGRIKE AANKONDIGING!

Ons sit almal met oortollige items waarvoor ons nie meer nut of ruimte het nie, maar wat ons nie wil weggooi nie omrede dit nog waarde het.

Net so benodig ons soms iets wat nie die moeite en koste regverdig om in die winkels daarvoor iets te gaan soek nie.

HIER IS DIE OPLOSSING!!!
TRAO SE EIE "KOOP EN VERKOOP" WHATSAPP GROEP

HIERDIE GROEP IS UITSLUITLIK VIR ADVERTENSIES DEUR TRAO INWONERS.
ENIGIETS ANDERS AS ADVERTENSIES OF BENODIGDE ITEMS SAL SUMMIER VERWYDER EN DIE OORTREDERS VAN DIE GROEP GESKRAP WORD!!!

ADVERTEER Só: *JOU NAAM, ADRES & KONTAKNOMMER, PRYS (opsioneel) EN FOTO('s) (van geadverteerde item(s) – nie soortgelyke items)*

OF

Reëls van toepassing met die "koop en verkoop" whatsapp groep

Hierdie groep is uitsluitlik vir advertensies deur TRAO inwoners. Enigiets anders as advertensies of benodigde items sal summier verwyder en die oortreders van die groep geskrap word !!!

- SLEGS TRAO INWONERS sal op die groep toegelaat word
- MOENIE NAMENS NIE-INWONERS ADVERTEER NIE!!!
- SLEGS 5 ITEMS PER WEEK PER INWONER
- SLEGS ITEMS IN WERKENDE TOESTAND mag adverteer word
- GEEN VUURWAPENS mag adverteer word nie
- GEEN EETBARE PRODUKTE mag adverteer word nie
- VERWYDER U ADVERTENSIE sodra die produk verkoop is/die advertensie 2 weke op is

ADMIN SAL ONVANPASTE ADVERTENSIES VERWYDER

Geen gesprek of dispuut word op groep toegelaat nie, koper en verkoper moet dit privaat uitsorteer.

GEEN KOMMISSIE WORD AAN ENIGEEN BETAAL NIE

Administrateurs:

Peet Van Rensburg	**082-894-3982**
Sannie Van Rensburg	**082-874-7869**
Japie Alberts	**079-506-4694**

Die Regspleging

(vervolg van April KWIKKIE 2026)

Veewagters is bekend daarvoor dat hulle die skape of beeste wat hulle opgepas het, goed kon uitken. Die beskuldigde, wat skape gesteel het, het die skape se ore afgesny sodat daar geen identifikasiemerke was waaraan hulle uitgeken kon word nie. Toe die skape wel uitgeken is deur die skaapwagter, wou die beskuldigde weet hoe hy hulle kon uitken sonder hulle ore, en toe kom die antwoord: 'Meneer, sê my, sal jy jou vrou nog herken as haar ore afgesny is?'

'n Vrou verskyn in 'n aansoek om onderhoudsverhoging teen haar eks-man en saam met haar staan etlike van haar kinders voor die landdros. Op die vraag van die landdros wanneer haar man haar verlaat het, vertel sy 'so nege jaar terug'. Die landdros merk toe op dat die kinders vir hom jonger as nege jaar oud lyk, en wou weet of dit almal wel haar eks-man se kinders is. Haar antwoord was dat hy 'darem elke Kersfees terugkom om verskoning te vra.'!
Wanneer 'n junior advokaat saam met 'n senior advokaat verskyn in 'n saak, is hy geregtig op 'n fooi gelyk aan twee-derdes van die senior se fooi. Nadat die senior hom bloedig vererg het vir 'n prokureur wat hulle opdrag gegee het om in die saak te verskyn, het die senior die prokureur in geen onsekere taal vertel dat hy die pad moet vat met sy kliënt. Die prokureur wil toe weet wat van die advokate se fooie, waarop die senior gesê het hy wil geen fooie hê nie. Toe die prokureur weg is, vra die junior, 'n Jood, so ewe: 'Sê my, hoeveel is twee-derdes van niks?'

'n Sekere landdros, 'n veeleisende man, het 'n beskuldigde verhoor. Die beskuldigde het kort-kort in sy neus gekrap tot ontsteltenis van die landdros. Die landdros het met die advokaat gepraat oor die ontstellende gedrag van sy kliënt, maar kort daarna het die beskuldigde sy gekrappery hervat. Toe die landdros vir die soveelste keer weer met die advokaat praat oor die kliënt se gedrag, kom die antwoord van die advokaat, wat nou ook al moeg was vir die landdros se ongelukkigheid: 'Edelagbare, dis nie in u neus wat hy krap nie, dis ook nie in my neus wat hy krap nie; hy krap in sy eie neus!' Vir eenkeer was die landdros stil.

'n Getuie, ene Beauty, moes geroep word om vir die staat te getuig, en toe sy geroep word, was sy nie daar nie; die hof verdaag toe dat die aanklaer se getuie gevind kon word. Na 'n ruk spoor die polisie haar op en word sy na die getuiebank gebring. Maar die vrou, 'n sangoma, was groot, baie groot, en behang met al die ornamente en toebehore van haar beroep, kon eers na 'n paar polisiebeamptes se hulp in die getuiebank 'akkommodeer' word. Die Regter word toe geroep om met die verhoor voort te gaan. Toe hy inkom, beduie die aanklaer in die getuie se rigting en deel die regter formeel mee, 'dis Beauty'. Die regter se enigste kommentaar was: 'Wel meneer, as u so sê!'

Twee redakteurs van Joodse publikasies het mekaar in die hof 'aangevat'; al die partye betrokke, die eiser, verweerder, prokureurs, advokate, getuies, tot die tolk, en die gehoor, was van Joodse afkoms. Die saak was verhoor deur 'n landdros met die van Jordan. Toe die landdros in die hof inkom en die hele gehoor, soos die gebruik is, opstaan, merk iemand van agter uit die hof op: 'Al die kinders van Israel is nou vergader voor die Jordaan.'

'n Sekere advokaat wat bekend was vir sy 'spaarsamigheid', het gedurig kollegas se hofverslae of handboeke geleen. En daar was altyd 'n klomp boeke op die advokaat se lessenaar – soms soveel dat jy om die boeke moet loop om te sien of die advokaat agter sy lessenaar sit. Toe sy kollega opmerk 'Waarom kry jy nie 'n boekkas nie?', was die onmiddellike reaksie: 'Jy weet hoe moeilik dit is om boeke geleen te kry, wie sal vir my 'n boekkas leen?'

Ek sluit af met Regter Thirion se opmerking in 'n egskeidingsaak waar die eiseres, 'n Engelse dame, toe sy die eed opgelê is deur die klerk, elke keer, in plaas van 'So help me God' te sê, gesê het 'I do'. Regter Thirion, 'n man wat nie baie geduld gehad het oor die algemeen nie, sê toe vir die dame: 'Madam, when you got married, you said 'I do'; now you are getting divorced, you have to say 'So help me God.'

(Vervolg op bladsy 16)

POPIA ACT

The Protection of Personal Information Act (POPIA) is a South African law designed to protect people's personal information and privacy. It controls how organisations collect, store, use, and share personal data.
Here is a simple summary:

1. Purpose of the POPIA Act

The main goal is to protect personal information from misuse and give people more control over their data. It ensures that businesses and government bodies handle personal information responsibly.
Examples of personal information include:
• ID numbers
• Phone numbers
• Addresses
• Email addresses
• Banking details
• Biometric data (like fingerprints)

2. Who Must Follow POPIA

The law applies to:
• Businesses
• Government departments
• Organisations
• Anyone who processes personal information in South Africa.

3. Key Rules (Conditions for Lawful Processing)

POPIA sets rules for how personal information must be handled. Some important ones include:
• Consent – A person must usually agree before their information is used.
• Purpose limitation – Data must only be collected for a specific reason.
• Security – Organisations must protect data from leaks or hacking.
• Transparency – People must be informed when their data is collected.
• Accuracy – Information must be correct and updated.

4. Rights of Individuals

Under POPIA, people have the right to:
• Know why their information is collected • Access their personal information • Correct or update incorrect information • Ask organisations to delete their data in some cases • Object to direct marketing (spam calls, emails, SMS).

5. Penalties for Breaking the Law

If an organisation breaks POPIA, it can face:
• Fines up to R10 million
• Criminal charges
• Possible imprisonment in serious cases.

6. When It Started

• Signed into law: 2013
• Fully enforced: 1 July 2021 after a compliance period.
- In short:
POPIA is South Africa's data privacy law that protects people's personal information and requires organisations to handle that data carefully and legally.

HUMOR HOEKIE

Die A B C van Rietvlei-Wes Plaasskool naby Le Roux Stasie. Distrik Oudtshoorn (± 1932)

A is 'n Apie
B is 'n Bees
C was so amper 'n sekel gewees
D is 'n Donkie, hy skop agterop
E is 'n Eend met 'n bles voor sy kop
F is oom Flip met 'n pyp in sy mond
G is 'n grafie wat boor in die grond
H is 'n huisie waar 'n vuurtjie brand
I is Ivoor van 'n Olifantstand
J is 'n juk vir 'n Ossie se nek
K is 'n Kalfie wat ook eendag moet trek
L is 'n lepel
M is 'n mes
N is die naam van 'n voëltjie se nes
O is 'n Os
P is 'n Perd
Q is maar net 'n letter met 'n stert
R is 'n Roosboom
S is 'n Slang
T is 'n Tier wat die kalfie wil vang
U is 'n uurwerk, ons noem vir hom klok
V is 'n Varkie wat staan in 'n hok
W is 'n wolkie daar bo in die lug
X is 'n kruisie wat lê op sy rug
Y is vir yster, ons noem vir hom paal
Z kry jy nie meer in die Afrikaanse taal

Met erkenning en toestemming van Oom Jan Fourie, 98 jaar oud, van Glevera Aftree Oord Elardus Park
Oom Jan op 98 jaar oud sê nog steeds die Alfabet op uit sy kop




ONS

KOOP OU GOUD

Kontak **STANLEY** by: **076 195 9626**



GOUDPRYSSTYGING OOR DIE JARE




WOODLANDS TAK
Shop 52D, Woodlands Boulevard, Pretoria

KOLONNADE TAK
Shop U45, Sefako Makgato Montana, Pretoria

MENLYN TAK
Shop G112, Menlyn Park, Atturbury Pretoria

ADVERTENSIES









ADVERTENSIES

VARSPRODUKTEMARK



ELKE DINSDAG IN DIE PARKEERAREA

NUWE AVON AGENT VIR TRAO

AVON

VIR ALLE AVON PRODUKTE AANKOPE

KONTAK SANNIE VAN RENSBURG

0828747869 A239

TRAO MARKDAE 2026



DINSDAE 9:00 – 11:00

GEEN VERKOPE VOOR 09:00

Geen outomatiese besprekings

KONTAK: PEET VAN RENSBURG

A239 OF 082 894 3982

Uitstallers is verplig om vroegtydig voor elke markdag te bespreek.

5 MEI, 2 JUNIE, 7 JULIE, 4 AUGUSTUS, 1 SEPTEMBER, 6 OKTOBER & 3 NOVEMBER.

SLYP VAN MESSE & SKêRE @ R30 ELK

Ek doen ook beitels en boorpunte, asook elektriese sweiswerk, herstel en instandhouding van rolstoele of enige ander toebehore

Izak Groenewald #2022 of 073 256 3315

TRAO INWONERS

NEEM ASB. KENNIS DAT BEWYS VAN ADRES SLEGS MET VERTOON VAN FISIESE ID DOKUMENT BY ONTVANGS VERKRYGBAAR IS (NIE BESTUURSLISENSIE NIE).

VAKATURE

Vakature beskikbaar vir die hantering van die Afrikaanse & Engelse Biblioteek, Blok B, 2de Vloer. Belangstellendes, kontak Ontvangs asb.

ESTELLE #1001

LEONORE #1002

50+ Welcome

Hello there,

I'M MARLENE OPPERMAN

I'm a property practitioner specialising in helping people find their ideal retirement homes at **Twee Riviere Retirement Village.**

LOOKING TO BUY OR SELL?

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions



011 805 6316
WWW.CSI-EUF.CO.ZA



3 BED, 2 BATH
HOUSE FOR SALE

R2000 000

Spacious freestanding corner unit featuring 3 bedrooms, 2 bathrooms, open-plan kitchen, lounge and dining area, plus a covered patio with built-in braai overlooking a private garden.

Features

- ✓ 3 Bedrooms
- ✓ 2 Bathrooms
- ✓ Private Garden
- ✓ Covered Patio
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Corner Unit

SCAN TO VIEW PROPERTY



1 BED, 1 BATH
APARTMENT FOR SALE

R750 000

Lovely 1-bedroom apartment with open-plan living area, modern kitchen, wheelchair-friendly bathroom, balcony, and covered parking—designed for comfortable, convenient everyday living.

Features

- ✓ 1 Bedroom
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Ample Cupboard Space
- ✓ Spacious Living Area
- ✓ Balcony

SCAN TO VIEW PROPERTY



2 BED, 1 BATH
APARTMENT FOR SALE

R940 000

Well-positioned corner apartment offering 2 bedrooms, 1 bathroom, open-plan living, air conditioning, balcony, and one covered parking bay in a secure, well-maintained setting.

Features

- ✓ 2 Bedrooms
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Single Carport
- ✓ Balcony
- ✓ Corner Apartment
- ✓ Ample Cupboard Space

SCAN TO VIEW PROPERTY

Contact me today! 060 016 0732


ANDREA OOSTHUYSEN

PR 072 000 0045047

BEHANDELING TUIS VAN LONGTOESTANDE; NEK- EN RUGPYNE, SPIER- EN GEWRIGSPYNE; ALGEMENE VERSWAKKING; REHABILITASIE NA CHIRURGIE EN HOSPITALISASIE.

FOOIE: VOORGESKREWE MEDIESE FONDS TARIEWE.

ANDREA: 082 556 8121



A D V E R T E N S I E S

JUDY'S JAM

Konfyt = R65.00 (klein)
Konfyt = R70.00 (groot)
Tamatie, aarbei, perske, appelkoos, fynvye, heelvye, druiwe, pynappel, nartjiemarmelade, kumkwatmarmelade, makataanstukke (groot), fyn makataan, heel kumkwat (R70.00)
Spekkiesatjar (R40.00)

SKAKEL JUDY #2014

SEL NR. 082 565 3243

DANKIE VIR AL JUL ONDERSTEUNING DIE AFGELOPE JAAR.

Ek bied die volgende:

Bybeloortreksels vir R300
Bybeltassies vir R300
Herstel van enige klere

Kontak Lorraine Pretorius
082 222 0560; Eenheid B013



📅 **Datum: 30 Mei 2026**
🕓 **Tyd: 08:00 – 13:00**
📍 **Plek: NG Kerk Montana**
300 Veronica Weg, Montana
www.ngmontana.co.za

✨ **Benodighede lys vir**
10 000 Gevulde Pannekoeke 🍯

🛍️ **Wit olifante** vir die verkope ten bate van NG Montana en Sungardens Hospice & Goeie geskenke vir ons bekende Tombola tafel 🥳

🎉 Suiker, Kaneel, Caramel Treat Kondensmelk, Kondensmelk, Peppermint crisp sjokelade, Suurlemoensap, Skuimpies, Mayonnaise, All Gold tamatiesous, All Gold of Wimpy mostertsous, Blatjang, Bruin uie sop, Sout, Worcestersous, Gerasperde kaas, Eiers, Hoenderfillette, Maalvleis

💛Bring jou skenkings na die Kerkkantoor of Kiosk op die laatste, Sondag **17 Mei**✨



BESIGE BYE





Die Besige Bye het met 'n wonderlike projek Aprilmaand afgeskop. Met groot opgewondenheid het ons sewe gaste verwelkom wat saam met ons die oggend van 14 April aan die skoenprojek begin werk het. Ons is so bly en dankbaar dat die dames by ons kom aansluit het om 'n vir 'n paar ure die geselskap van ander vroue te geniet en nuwe vriendskappe te smee en as lede sal wil aansluit. Dit was weer een van daardie oggende wat die dames hulself verras het met so veel talent, en dat hulle van 'n dood gewone tekkie/sneaker/skoen 'n nuwe mode begin het in die oord.

Ons is baie trots om vir die oord te wys wat die Besige Bye, nuwe lede en gaste die oggend weer so spesiaal gemaak het.

KOMBUIS KLETS



MOEDERSDAGETE

Kom geniet 'n heerlike Moedersdagete saam met die vroue in jou lewe.

SONDAG 10 MEI 2026

11:30 of 13:00

R70 per persoon.

Bespreek op Golden Spoon of by ontvangs in die eetsaal.

"SAVE THE DATE"
VRYDAG | 05 JUNIE 2026
RESTAURANTAAND
17:00

BELANGIKE INLIGTING IVM ETES

- Wegneem etes kan slegs tussen 10:30 en 11:00 afgehaal word. Indien u dit nie gedurende die tye kan doen nie, kan u eers 14:00 terugkom.
- Aflewerings word van 10:30 af gedoen. Indien u nie tuis is nie kan die kos nie op die stoep gelaat word nie. U moet dan reëlings tref om die kos by die eetsaal te kom afhaal.
- Die telefoon in die kombuis en eetsaal sal net vanaf 08: 00 - 10:00 en van 14:00 - 16:00 beantwoord word.
- Middagetes kan op Golden Spoon of by ontvangs bespreek word. Etes moet voor 16:00 die vorige dag bespreek word.
- Etes word bedien om 11:30 en 13:00.
- Hou asseblief by die sitting waarvoor u bespreek het.
- Die eetsaal is gemeenskaplke eiendom en u kan dus nie 'n tafel vir uself toe-eien nie.